04 September 2020

WEEKLIKSE

PITKOS

RANDAGRI

PITKOS

INHOUD

Weer
- Plaaslike weervooruitsigte
- Weervooruitsigte vir Noord- en Suid Amerika

Pariteite
Invoer- en uitvoerpariteite van geelmielies

Internasionale landbou
- VSA oestoestande
- VSA oesvordering

Plaaslike landbou
- In- en uitvoer van mielies
- Produsentelewerings

Nuus
Nasionale en Internasionale nuus

Wisselkoers
Oorsig oor die ZAR en VSA dollar-beweging

Prys-risikobestuur
Minimum/Maksimum opsie-strategie

PLAASLIKE

WEER



Veertien-dae weervooruitsig:

Droë weer kan regoor die land verwag word met enkele buie wat in die suide kan voorkom.

Weervooruitsig: Noord-Amerika

Die grootste dele van die mieliegordel kan droë weer verwag. Oeskondisies het reeds verswak weens die gebrek aan grondvog en reënval die afgelope week.



INTERNASIONALE

WEER

Weervooruitsig: Suid-Amerika

Suid-Amerika kan eweneens droë weer verwag. Dit is baie nadelig vir die streek omdat vroëe aanplantings reeds in September moet begin.



RANDAGRI

INVOER- EN UITVOER-

PARITEITE



	OKT'20	DES'20	MAR'21	JUL'21
PMB-invoerpariteit	R 3 667	R 3 662	R 3 640	R3 703
Kaap-invoerpariteit	R 3 368	R 3 386	R 3 376	R 3 420
SAFEX geelmielies	R 3 160	R 3 160	R 3 124	R 2 855
Uitvoerpariteit	R 2 852	R 2 811	R 2 783	R 2 719

INTERNASIONALE

LANDBOU

VSA: oestoestande soos op 30 Augustus 2020

Mielies:	Uitstekend = 14%	Sojabone: Uitstekend = 13%
	Goed = 48%	Goed = 53%
	Gemiddeld = 24%	Gemiddeld = 24%
	Swak = 9%	Swak = 7%
	Baie swak = 5%	Baie swak = 3%

INTERNASIONALE

LANDBOU

VSA oesvordering soos op 30 Augustus 2020





PLAASLIKE

LANDBOU

2020/21-seisoen

Witmielies

- Uitvoer = 310 963 t
- Vorige week = 10 992 t
- Invoer = 0 t

Geelmielies

- Uitvoer = 873 530 t
- Vorige week = 21 571 t
- Invoer = 0 t
- Vorige week = 0 t

Bestemming vir meeste uitvoere:

WM uitvoere:
Zimbabwe = 50%

YM uitvoere:
Taiwan = 39%

PLAASLIKE

LANDBOU

Kumulatiewe oliesade-produsentelewerings soos op 28 Augustus





PLAASLIKE

LANDBOU

Kumulatiewe mielie-produsentelewerings soos op 28 Augustus





WISSELKOERS

R/$

DOLLAR - RAND CHART

Die Suid-Afrikaanse geldeenheid is op die agtervoet teenoor die VSA dollar. Die verswakking van die rand kan toegeskryf word aan ekonomiese onstabiliteit asook ‘n sterker Amerikaanse dollar.

Die tegniese analise dui steeds aan dat ‘n versterking in die rand verwag kan word.

NASIONALE EN INTERNASIONALE

NUUS

Kleiner internasionale koringproduksie verwag

Australiese koringprodusente sal in ‘n gunstige posisie wees indien daar wel ‘n tekort aan hoë-gehalte koring in die wêreldwye mark is, soos tans voorspel word. Amerika het die laagste koring-aanplantings-syfers in 100 jaar aangesien produsente winste op sojabone en mielies najaag. Koringproduksie in die Verenigde Koninkryk is die swakste in 40 jaar, en terwyl Rusland na verwagting wel ‘n groot produksie sal lewer, is daar onsekerheid oor die kwaliteit daarvan. China se koringproduksie is op standaard maar die graan word reeds plaaslik verbruik of gestoor, wat internasionale beskikbaarheid sal beperk.

Lees meer by :
https://www.abc.net.au/news/rural/2020-09-01/international-wheat-prices-and-australian-opportunity/12611390

Mening:
Suid-Afrika bly ‘n netto-invoerder van koring, dus sal hoër internasionale pryse plaaslike pryse ondersteun.

Aartappelpryse skiet die hoogte in

Alle grade en klasse aartappels het op 25 Augustus teen meer as R62 per 10 kg-sak verhandel. Dit het meer as verdubbel vergeleke met pryse in April toe ‘n 10 kg-sakkie aartappels net onder R30 verhandel het. Dr André Jooste, uitvoerende hoof van Aartappels Suid-Afrika, sê die herstel in die aartappelprys is nie alleen te danke aan die verslapping van die inperkingsregulasies nie, maar ook aangesien paniekaankope voor die grendeltydperk beskikbare volumes verminder het.

Lees meer by:
https://www.netwerk24.com/landbou/Bedrywe/Tuinbou/korona-se-angel-getrek-vir-aartappels-20200827

Mening:
Hoër aartappelpryse sal daartoe lei dat verbuikers na goedkoper stysels soos mielies beweeg, wat pryse vir die graanbedryf positief sal beïnvloed.

Rand sak terug teen sterker Amerikaanse dollar

‘n Sterker Amerikaanse dollar asook politieke risiko in Suid-Afrika het die rand op Woensdag 2 September onder hewige druk geplaas. Om die ekonomiese situasie verder te vererger, het Eskom weereens landswye beurtkrag ingestel, wat die vervaardigingsektor kniehalter en ekonomiese groei ondermyn.

Lees meer by:
https://www.moneyweb.co.za/news-fast-news/rand-weakened-by-firm-dollar-rising-domestic-risk/

Mening:
‘n Swakker wisselkoers sal plaaslike graanpryse ondersteun.

OPSOMMING

- Droë toestande kan in die volgende twee weke regoor die land verwag word.
- Graankondisies in Amerika is afwaarts aangepas.
- Die Suid-Afrikaanse geldeenheid verhandel swakker teenoor die VSA dollar.
- Witmielie-produsentelewerings vorder baie stadig, maar geelmielielewerings bly op koers.

PRYS

RISIKOBESTUUR

Minimum/Maksimumprys:

Hoe werk dit?

'n "Put" opsie word vir die kliënt aangekoop om 'n minimumvlak vas te stel. Om die koste laag te hou, word daar terselfdertyd 'n "call" opsie verkoop, wat die maksimumprys vir die kliënt vasstel.

Indien die markprys in die toekoms die maksimumvlak ("call" opsie) bereik, ontvang die kliënt 'n kort "future" posisie wat hulle dwing om hulle produk teen dié vlak te lewer.

Indien die minimumvlak (lang "put" opsie) van die markprys bereik word, is die kliënt daarvan verseker dat hulle teen die minimumvlak kan lewer, ongeag hoe ver die mark onder die vlak daal.

Veronderstel die kliënt doen 'n min/maks prys soos op die grafiek:

Die kliënt koop 'n "put" opsie @ R2 560 (minimumvlak) teen 'n koste van R120/t. Die kliënt verkoop 'n "call" opsie @ R3 000 (maksimumvlak) teen 'n premie van R25/t. Dus kan die kliënt nou 'n minimum van R2 560/t en 'n maksimum van R3 000/t vir hul graan ontvang.

Die strategie kos die kliënt in effek R120 (put) – R25 (call) = R95/t

RANDAGRI

SAFEGUARDING FOOD PROSPERITY

Rand Agri, a bulk grain and supply chain trader, safeguards food prosperity in Southern Africa by connecting farmers and processors. Our services reach across the grain supply chain. It includes:

- Trading grain crops such as soybean, wheat, sunflower, GMO/non-GMO white and yellow maize, sorghum and sugarbeans.
- Logistics including sourcing, storage, export and delivery of grains and agricultural lime directly to customers.
- Milling, processing and selling of white and yellow maize meal, yellow maize grits, starch and super fine maize meal.
- Process and supply animal feed by-products such as hominy chop, wheat bran, molasses, as well as soybean, cotton and sunflower oilcakes.
- Price and risk management by our experienced traders.

Rand Agri - the vital connection between farm and plate

Contact us today for your grain trading and supply chain needs.
+27 (0)13 243 1166 I info@randagri.co.za I www.randagri.co.za

KONTAK ONS



RANDAGRI

Tel: +27 (0) 13 243 1166
E-pos: info@randagri.co.za
Web: www.randagri.co.za
Adres: Samora Machelstraat 24,
Middelburg, Mpumalanga